

## Sing vooraf staande: Psalm 68:1 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.  
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm: Skrifberyming 2-4:1, 2 (33:1, 2)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,  
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!  
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,  
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond  
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.  
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,  
want ons sal in klare omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 100:2 (p. 494)

- 2 Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,  
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.

Gebed

Psalm 48:4 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Skriflesing: Matteus 28

Teks: Matteus 28:18b, 20

**Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.**

**En kyk, Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld.**

(Matteus 28:18b, 20 AFR53)

Daar is 'n groot kwelling vir baie mense: Ken die Here my? Hoe seker kan ek wees dat ek definitief hemel toe gaan?

Die twyfel in ons harte word versterk deur die dinge wat ons elke dag in ons lewe raakloop. Ons het dikwels te doen met moeilikheid.

- Hoe kan sulke dinge gebeur as die Here my ken?
- Wat van al die hartseer?
- Wat van al die skynheiligheid? Daar is so baie mense wat hulle as Christene beroem, maar hulle doen en sê sulke lelike dinge!

Kom ons kyk van voor af na die geskiedenis.

- Ons mensdom word deur die satan tot sonde verlei.
- Dadelik kom die Here en Hy beloof verlossing.
- Verlossing van sondes maar ook verlossing van smarte en stryd.

Daardie hele deel van die geskiedenis word afgehandel toe die Messias kom. Met die koms van die Messias staan ons voor dieselfde teenstrydighede waarvoor ons elke dag in die lewe staan.

- 'n Kindjie word gebore.
- Hy het arm ouers.
- Kan dit God wees wat 'n wêreld van sondes moet kom verlos? Is dit hoe 'n Almagtige lyk?

Die Kind word groot. Hy is 'n man wat deur die hele Palestina met sy voete loop om vir die volk van God te preek.

- Weer staan ons voor die vraag: Is dit die God van hemel en aarde? Die mense verag Hom dan. Hulle smaad en minag Hom.
- Telkens kom Hy net met sy lewe van hulle af.

Uiteindelik vang hulle Hom. Pleeg bedrog in die gereghof om Hom te kan kruisig. Tot in die aarde toe verneder hulle Hom.

- Op Golgota staan daar drie kruise – die twee buitekantstes is dié van kriminele.
- Tussen hulle staan die Messias se kruis.

Kan dit die God wees wat mag het oor die hemel en die aarde wat daar hang? En dit saam met rampokkers? Dit wil nie rym nie.

Kyk nou ook na die simbool van die kruisdood.

- Hierdie Jesus Christus wat God die Verlosser is, hang daar hulpeloos tussen hemel en aarde.
- Die hemel wil Hom nie hê nie en ook nie die aarde nie.

Dan is die antwoord: Ja, dis God!

- Dis Jesus Christus, en as Hy nie so sou sterf nie, was daar geen hoop vir my en jou nie!
- As Hy op die aarde welkom was, sou Hy moes deel in die sonde. Dit kon Hy tog nie doen nie. Daarom verwerp die aarde Hom.
- Hy laat Hom nêrens deur die sonde inhaal nie. Daarin toon Hy al sy Goddelike almag.
- Die satan erken dit daaraan dat Christus aan die kruis hang. Hy maak die Here Jesus juis dood omdat hy Hom nie kon oorwin nie!

Aan die ander kant kon Jesus nie sommer van die aarde af weggaan na die hemel toe nie.

- Hy moes eers die straf van God dra deur te sterf.
- Hy moes dan ook eers die mag van die dood oor die mense verbreek. Hy moes as 'n mens doodgaan, en as 'n mens weer lewendig word.
- Toe is die duiwel se mag verbreek en het Jesus weggegaan na die hemel toe.

Kyk net hoe geweldig was die straf wat Jesus Christus moes dra sodat ek en jy die sekerheid kan hê dat ons die ewige lewe het:

- Verlate hang Hy daar.
- Eensaam, want nie eers God is by Hom nie:

**My God, My God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:46 AFR53)**

Die almag van Jesus Christus kom in sy dood ook weer na vore.

- Alleen en sonder hulp breek Hy die krag van die satan.
- Dis Wie die God is wat aan ons kom sê:

**Aan My is gegee alle mag ... (Matteus 28:18b AFR53)**

*Alles het die oomblik van die opstanding verander. Die Here Jesus Christus se liggaam hang nie meer nakend aan die kruis nie. Hy is nou met Goddelike heerlijkheid bekleed.*

Hoe weet ons dit? Dit staan in Openbaring 1 geskryf.

- Johannes sien die Here Jesus terwyl hy op Patmos as 'n banneling was.
- Maar die merkwaardige is dat daar iets anders aan die Here Jesus is – sy heerlijkheid is nou so geweldig dat dit Johannes soos 'n dooie teen die grond neerslinger.

Die apostel Johannes onthou nog baie goed hoe droog Jesus se mond was toe Hy die dag gesterf het:

- Hy het sy dors bely en toe hulle asyn bring dat Hy dit kan drink om Hom te laaf, het Hy dit geweier.
- Maar toe Hy opgevaar het na die hemel, was dieselfde mond nie meer droog nie. Toe sê daardie mond dat Hy ons oppas.

**Kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld!**  
(Matteus 28:20 AFR53)

Die Een wat nou aan die woord is, is nie meer die veragte Mens wat in Jerusalem se tempel vir sy volk gepreek het nie.

- Dié stem is die stem van die God van hemel en aarde.
- Hierdie woorde van die Here Jesus Christus maak ons hele bestaan.

Dis die voorwaarde waaronder die kerk op die aarde bestaan: Jesus Christus, die Hoof van die kerk, lewe, en Hy het mag oor alles in die hemel en op die aarde.

- Al die tienduisend maal tienduisende van engele waarvan daar in die boek Daniël geskrywe staan, is aan Hom onderwerp.
- Hulle dien God dag en nag. En 'n deel van hulle werk is om te sorg dat ons bewaar bly.

Elke oomblik word die engele uit die hemel uitgestuur om die satan te beveg – om ons daardeur te beskerm.

- Nou is die Here Jesus besig om in die hemel plek gereed te maak. Hy sê self so.
- Hy doen voorbidding vir ons.

Maar die dag kom nader dat die Here Jesus sy almag ook sigbaar op die aarde gaan bevestig.

- Hierdie keer gaan dit heeltemal anders wees as die eerste keer.
- Hy kom nie weer as 'n offer tot versoening nie.
- Hy kom ook nie weer in armoede nie.
- Hy kom met die rykdom van mag wat strek oor alle mag. Hy kom nie weer om verag te word nie.

Hoe kom Hy weer?

- Hy sal kom as 'n maghebber.
- Hy sal 'n Regter wees wat met 'n onweerspreekbare mag alles en almal kom oordeel.

*Sy vonnis sal vir sekeres die ewige lewe wees en vir andere die ewige dood, en niemand sal sy vonnis durf betwyfel of kan weerstaan nie! Dan sal dit te laat wees om te besluit dat jy nou 'n goeie gelowige wil wees.*

Dink net vir een oomblik weer aan die wederkoms:

- Die Here Jesus Christus kom met soveel mag en majesteit dat dit 'n mens laat sterf net as hy dit sien!
- Dit gaan 'n oomblik van geweldige verskrikking wees vir die wat nie werklik glo nie. Lees net Openbaring 1.

Daar staan dat Hy almal gaan vernietig wat sy dood en sy opstanding verloën het.

- Sy stem sal wees soos die gedruis van baie waters – so skryf die Bybel.
- Met ander woorde, die hele Persoon van Jesus preek oorlog as Hy weer kom!
- Sy heupe is omgord met 'n goue gordel. Met sy mag werp Hy almal wat onbehoorlik is en was voor Hom neer en vertrap hulle met voete wat gloei soos koper in 'n smeltoond.

Geliefdes, die Here Jesus preek genade en oordeel.

- Genade, want in Hom het u die sekerheid van die ewige lewe.
  - As jy in hierdie almagtige God glo, dan hoef jy nooit te twyfel aan jou saligheid nie.
  - Daar is niks wat jou saligheid wat Hy vir jou gee, kan verongeluk nie!

U kan elke oomblik gerus wees dat as u nou sterf, dan is u by God.

- Die waarborg is die krag van Jesus Christus.
- Die hemel en die aarde is aan Hom onderwerp – daarom is dit binne sy mag om u van u saligheid te verseker.

*Maar verwerp, of betwyfel u hierdie saligheid, word u deur die voete van hierdie ewige Regter vertrap.*

Geliefdes, die Here Jesus Christus skenk aan ons die saligheid wat groter is as enige belewenis wat ons nog ooit op hierdie aarde gehad het.

- Niks kan ooit hierdie saligheid van ons af wegneem nie.
- Hy is met ons al die dae tot aan die einde – dis waarvoor Hy gesterf het. Dis waarvoor Hy opgestaan het uit die dood. Dis waarvoor Hy weggevaar het na die hemel. En dis waarvoor Hy weer kom.

Kom ons glo en bekeer ons elke dag. Weet verseker dat u verantwoordelikheid en ware bekering juis deur die Heilige Gees bewerk word omdat u deur God uitverkies is tot die ewige lewe.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 84:4 (p. 425)

4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:  
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let  
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.  
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**